24 November **Skrifgedeelte: Psalm 38**

Sonde is swaar, te swaar vir ons

Die moderne mens wil nie graag van die begrip sonde hoor nie. Sonde is so 'n vernederende begrip. Die moderne mens het mos al ver gevorder op die weg van beskaafdheid. Daarom word sonde eerder beskryf in versagtende terme soos: 'n tekortkoming, 'n gebrek, of onvolmaaktheid. Met sulke beskrywings kan die moderne mens hom nog mee vereenselwig. Buitendien stem dit 'n mens darem ook nie so onrustig nie en word dit as iets ligteliks afgemaak.
Die gelowige daarenteen, beskryf sonde nie met mooiklinkende woordjies nie. Vir die gelowige is sonde ongeregtigheid. Sonde druis in teen die majesteit van God na wie se beeld die mens geskape is. Sonde is 'n misdaad wat roep om straf. Sonde is 'n las wat 'n mens verbrysel. Só het Dawid dit ook ervaar. As gevolg van sy sonde het sy kragte ingegee. Sy liggaam het vir sy familie en vriende iets afskuweliks geword, sodat hulle hom eerder vermy het. Die ergste vir hom was die verwydering van sy God af: Sy sonde het hom 'n dwalende enkeling gemaak wat 'n ondraaglike las moes dra.
Hoe sien jy jou eie sonde? Gee die antwoord op die vraag in jou binnekamer aan jou God. Bid dat die Heilige Gees jou die volle las – die ondraaglike las van jou sonde – sal leer dra. Bid dat Hy jou tot berou en bekering sal bring. En weet dat Hy jou ook na jou Middelaar, Jesus Christus, sal verwys wat jóú las aan die kruis gedra het. Dán eers triomfeer jy oor die sondelas en bewerk die Gees dankbaarheid en liefde as 'n krag in jou lewe.
Sing: Psalm 38:1,4 Ds CCA Vrey ((Oudtshoorn)